# Analogiese Eksistensie(2)

## Aantekeninge by die etiek van J A Heyns

J H van Wyk

**Abstract**

**Analogical existence. Comments on the ethics of J A Heyns**

*In a previous article it has been argued that at the heart of Heyns's ethics lies the idea of analogical existence, which basically means that man must reflect God because he is created in the image of God. In that connection a few features of the ethics of Heyns were explained, a discussion which is being continued in this article.*

## 1 INLEIDING

In 'n vorige artikel is aandag gevra vir enkele basiese kenmerke van die etiek van Heyns. So is daarop gewys dat ons hier met 'n Skriftuurlike etiek, 'n liefdesetiek en 'n koninkryksetiek te doen het. In hierdie artikel word die gesprek voortgesit en aandag bestee aan ander kenmerke soos: gehoorsaamheidsetiek, situasie-etiek en politieke etiek.

Daar is uitdruklik daarop gewys dat Heyns se etiek - en teologie - verstaan moet word binne die denkraamwerk (paradigma) van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Daarsonder bly sy etiese gesigspunte ondeursigtig. Verder is betoog dat die gedagte van analogiese eksistensie wesentlik is vir 'n juiste verstaan van hierdie etiek. Die mens is geskape na die beeld van God en hy word opgeroep om die bestaans- en handelingswyse van God in sy menslike lewe te reflekteer.

## 2 TIPERING

### Gehoorsaamheidsetiek

Heyns se etiek kan sonder twyfel ook as 'n gehoorsaamheidsetiek getipeer word. Gehoorsaamheid is trouens 'n tema waaraan hy breedvoerig aandag bestee het en hy het selfs 'n eie teologie van gehoorsaamheid ontwikkel[1]. Reeds die tweede deel van *Die nuwe mens onderweg* (1970) handel hieroor. Ons het reeds gewys op die korrelasie tussen koninkryk en gehoorsaamheid. Die koninkryk word gerealiseer langs die weg van

gehoorsaamheid. "Alles wat die gelowige doen, is koninkrykshandelinge en die ganse lewe is koninkrykslewe"[2]. Waar God gehoorsaam word, breek die koninkryk deur[3]. "Gehoorsaamheid is die enigste korrekte houding van die kneg teenoor sy heer" (Heer)[4]. Die etiese lewe is 'n lewe van roeping én gehoorsaamheid[5]. Gehoorsaamheid kan gevolglik omskryf word as 'n gestalte van die koninkryk[6], ja, die ganse kultuur, tegniek en politiek kan 'n deurbraak en manifestasie van die koninkryk word as daar gehoorsaamheid is[7]. Gehoorsaamheid is die eerste en fundamentele sosiaal-etiese norm[8].

Ook in die uitwerking van die tema van gehoorsaamheid werk Heyns met die dialoogmotief (verbond)[9] en wys hy daarop dat die mens en God nie as konkurrente funksioneer nie, maar saamwerk[10] op weg na die voleinding en die vervulling van 1 Korintiërs 15:28 - die laaste teks in die Bybel[11]. Die mens se gehoorsame arbeid word 'n "boetsering" aan die gestalte van die nuwe aarde[12].

Heyns gaan selfs nog 'n stappie verder en oordeel dat daar ook by heidene en ongelowiges wetsanaloë handelinge en gestaltes van gehoorsaamheid aangetref word[13] - 'n standpunt wat nogal kritiek opgeroep het[14]. Heyns voeg egter dadelik by - soos die tradisionele Gereformeerde teologie altyd gedoen het - dat hierdie optrede van ongelowiges nie verklaar kan word vanuit die inherente goedheid van die mens nie, maar vanuit die goedheid van God[15]. Die arbeidsprodukte van Openbaring 21:24 is nie net dié van gelowiges nie[16]. Heyns sê egter nêrens dat álle handelinge van álle ongelowiges áltyd gehoorsaamheidsgestaltes is nie - soos Theron hom blykbaar verstaan.

Ofskoon Heyns agiteer vir Christelike organisasies (bv 'n Christelike staat/regering[17], maar nie vir 'n Christelike politieke party nie[18]), oordeel hy tog dat gelowiges en ongelowiges ten opsigte van die kultuur en staatsbestuur mag saamwerk[19] en ook saam in dieselfde regering mag dien[20]. Daarmee het hy 'n bepaalde spanning in sy standpunt ten opsigte 'n Christelike organisasie as gehoorsaamheidsgestalte van die koninkryk ingebou. Dit is immers nie duidelik hoe elke samelewingskring waarin gehoorsames en ongehoorsames saamwerk, 'n klein koninkrykie kan wees nie[21]. Die vraag is of Heyns genoegsaam rekening hou met die situasie van 'n plurale samelewing en of hy nie te veel redeneer vanuit 'n realistiese (in plaas van 'n geestelike) teokrasie nie. Waarskynlik moet met Fowler[22] saamgestem word dat die situasie bepaal óf en wanneer en hoe 'n Christelike organisasie noodsaaklik is én wanneer Christene eerder in bestaande strukture moet saamwerk. Gedagtig aan die Bybelse beelde van sout (Mat 5:13) en suurdeeg (Mat 13:33) is daar nogal veel voor te sê om

bestaande strukture te werk. Daarby moet verreken word dat in die huidige bedeling die onkruid en goeie gewasse saamgroei en dat die finale skeiding toekomstig is (Mat 13:30,38).

Besondere aandag moet hier gegee word aan die kerk as daad van gehoorsaamheid, want die kerk is, hoewel nie die enigste nie, tog wel die belangrikste voedingsruimte vir die etiese[23]. In die kerk vind daar 'n eksemplariese voorleef van die koninkrykslewe plaas[24]. Die kerk is een van die talle gestaltes van die koninkryk, want daar is ook talle nie-kerklike gestaltes (bv Christelike organisasies, waaronder ook die volk[25]). Die kerk word ook genoem teken van die koninkryk[26]. Heyns[27] waarsku herhaaldelik dat die Christelike lewe nie verkerklik nie maar verchristelik of verkoninklik moet word. Die roeping van die kerk mag nie tot die kulties-institutêre beperk word nie[28], aangesien die kerk ook 'n duidelike taak na buite besit. So moet die kerk die boodskap van die koninkryk in sosiaal-politieke kategorieë vertaal[29] en moet hy soms radikaal Christelike maatskappykritiek uitspreek[30]. Daar is aan die kerk 'n signifikatiewe en partisiperende aspek verbonde[31]. Die profetiese taak na buite in die samelewing mag egter nie voorskriftelik wees nie[32], want die kerk preek Bybelse beginsels en nie die konkrete toepassing daarvan nie[33]. Die kerk het slegs 'n bevoegdheid in eie kring[34].

Theron[35] is van oordeel dat Heyns die kerk ten onregte tot 'n blote kultiese gemeenskap vereng - hy praat van 'n "verskraalde kerkbegrip" by Heyns - en dat Heyns se koninkryksbeskouing waarskynlik sy kerkleer die meeste benadeel het[36]. Op hierdie punt het Theron Heyns myns insiens grondig misverstaan. Dit is juis die koninkryksperspektief wat aan die kerk sy juiste reliëf verskaf en van alle introvertisme en privatisme bewaar. Die Christelike filosofie, om maar daar te begin, ken immers naas die beginsel van soewereiniteit (bevoegdheid) in eie kring ook die ander beginsel van universaliteit in eie kring (of samehangende verskeidenheid). By Heyns kom beide hierdie prinsipes daarin tot uitdrukking dat die kerk, naas 'n kultiese gemeenskap, ook 'n profetiese gemeenskap is. Die kerk as draer van die Woord het 'n onnalaatbare profetiese roeping in die samelewing, 'n roeping wat selfs onbeperk is ten opsigte van die terreine waarop die lig van die Woord moet skyn en slegs beperk is ten opsigte van die taak self[37]. Daar is by Heyns geen sprake van 'n privatisering van die kerk nie (Theron) en ewe min van 'n politisering van die kerk (Ntoane). Wel moet die vraag gestel word of die kerk (kerkvergadering?) altyd met beginsel-uitsprake moet volstaan en of die prinsipiële uitsprake nie soms met konkrete uitsprake aangevul behoort te word nie - soos Natan teenoor Dawid: U is die man![38].

Die gehoorsame kerk is die koninkrykskerk en die gehoorsame mens is die koninkryksmens.

## Situasie-etiek

"Jy kan nie vir alle mense dieselfde antwoord gee nie, al vra hulle almal vir jou dieselfde vraag"[39]. "Ons sal vervolgens die moed moet hê om al na gelang die situasie verander, ook ons antwoorde te verander. Dit het niks met beginselloosheid te doen nie"[40]. Met hierdie formulerings het Heyns aangetoon dat hy die kritiek van die situasie-etiek (of kontekstuele etiek) ernstig wil opneem en die situasie deeglik wil verreken by etiese besluitneming. Vandaar sy herhaalde aandag aan hierdie probleemstel-ling[41]. Hoe kan daar ooit 'n verantwoordelike morele besluit geneem word indien daar nie met die wisselende omstandighede en fluktuerende situasies deeglik rekening gehou word nie?

Heyns kan daarom van "kontingente norme" praat, aangesien die konkrete situasie in morele keuses betrek moet word[42]. Die geopenbaarde norme bly die kriterium, maar selfs dan moet verreken word dat die openbaringsgestaltes van die etiese in die Skrif nie noodwendig normatief is nie, maar rekening moet hou met die konkrete situasie[43]. Geregtigheid word byvoorbeeld deur die Skrif genormeer, maar daarna moet dit nog gesitueer word[44].

Heyns[45] staan nie kritiekloos teenoor die situasie-etiek nie (soos wat dit bv by Fletcher aangetref word). Hy waardeer hier positief dat die mens se verantwoordelikheid beklemtoon word, dat die liefdesgebod telkens gepositiveer moet word en dat die situasie in die etiese besluit-neming betrek word. Maar daarna val daar harde woorde: grenslose relativisme, bodemlose subjektivisme, vormlose humanisme en oorsiglose kontekstualisme. Die situasie-etiek laat immers die norm in die situasie nie net ingaan nie, maar inderdaad ondergaan en maak die situasie dus deurslaggewend vir morele keuses en verwring sodoende die korrelasie tussen norm en situasie.

'n Ander vraag is natuurlik of Heyns daarin geslaag het om in sy eie etiese ontwerp op verantwoorde wyse van situasie-etiek gebruik te maak. Hierin was hy nie oral suksesvol nie. So bespreek hy byvoorbeeld die vraagstuk van burgerlike ongehoorsaamheid in verband met 'n demokrasie[46], maar besin nie daaroor dat ons in Suid-Afrika (in 1991) met 'n oligargie (minderheidsregering) en nié met 'n demokrasie te maak het nie. Ook die stelling dat nuwe strukture nie nuwe mense skep nie, maar dat nuwe mense nuwe strukture kan skep[47], het hoewel prinsipieel korrek, in

die Suid-Afrikaanse konteks, waar nuwe mense 'n ou (sondige) struktuur vier dekades lank ondersteun het, nogal problematies geblyk te wees. Waarskynlik moet die relasie mens-en-struktuur meer dinamies geformuleer word[48].

Uit die laaste opmerkings blyk dat daar in Heyns se omvangryke *oeuvre* een groot konteks ontbreek en dit is die Afrika-konteks. Dit is nog te veel "wit" etiek en te min "swart" etiek. Om twee voorbeelde te noem: In Heyns se seksuele etiek word daar feitlik geen aandag bestee aan die seksuele problematiek van die mense van Afrika nie[49]. En wat die Sondagetiek betref, moet opgemerk word dat terwyl die Afrikaanstalige kerke nog debatteer oor Sabbatsheiliging en Sondagsviering, dit al lankal 'n praktyk in die Afrikatalige kerke is dat (gereformeerde!) Christene Sondagoggende 'n erediens bywoon en die res van die dag aan (ook georganiseerde!) sport deelneem.

**Politieke etiek**

'n Laaste aspek van Heyns se etiek wat ons graag wil oorweeg, is sy politieke etiek - en dan ook net 'n deel daarvan, naamlik die apartheidsetiek. In sy politieke etiek het Heyns baie sake aangeraak, soos byvoorbeeld die kommunisme[50], die geweld- en oorlogsvraagstuk[51], disinvestering[52], burgerlike ongehoorsaamheid[53], die teologie van die rewolusie[54], om slegs enkele voorbeelde te noem. Daarby was hy een van die agt Nederduitse Gereformeerde teoloë wat op 31 Oktober 1980 die *Getuienis* die lig laat sien het waarin onder andere gepleit is vir die uitskakeling van rassisme[55]. Verder was hy een van die vyftien opstellers van *Kerk en Samelewing* 1986[56] en iemand wat 'n sterk stempel daarop afgedruk het[57].

Nadere aandag moet aan Heyns se apartheidsbeskouing gegee word, asook die daarmee samehangende begrip geregtigheid. Dit is interes-sant om op te merk dat Heyns juis hiér in 'n ander rigting opgegaan het as sy leermeester Stoker. Waar Stoker tot die einde 'n apartis gebly het, het Heyns 'n meer kritiese houding ingeneem. Heyns het uiteindelik rassisme, nasionalisme, en apartisme verwerp[58] en diskriminasie as 'n euwel beskou[59]. Trekarbeid is sondig[60]. Apartheid het op die rotse van ekono-miese realiteite gestrand en was 'n eksperiment wat nie gewerk het nie[61]. Die beleid is met goeie bedoelings begin[62], maar het later verloop, sodat gesê moet word dat die apartheid waarvoor die Ned Geref Kerk veertig tot vyftig jaar gelede gevra het, heeltemal verskil van die apartheid wat in 1986 verwerp is[63].

In hierdie konteks word dan ook van strukturele sondes en geïnstitusionaliseerde geweld[64], maar ook van strukturele verandering[65] - selfs

van strukturele heiliging[66] gepraat. Sonde vind sy woonplek nie net in die hart van mense nie, maar kan ook in strukture ingebou word. Daarom is verandering nodig, maar dan 'n verandering wat in die hart begin en van daaruit die strukture verander - soos ons reeds gesien het.

Daar is waarskynlik weinig ander prinsipes wat apartheid as sisteem so grondig ondermyn het as die prinsipe van geregtigheid[67]. Geregtigheid laat die medemens tot sy reg kom[68]. Dit laat elkeen toekom wat in sy situasie nodig is[69]. Dit is die deur pligte en regte gestruktureerde liefdesdaad[70]. Dit is daardie handelinge waarin die mens steeds as beeld van God behandel word[71]. Geregtigheid eis dat een volk nie bo 'n ander bevoordeel word nie[72] en dat wette en die toepassing daarvan steeds regverdig moet wees[73]. Onreg ondermyn 'n regering[74], want reg is die norm vir die staatkunde[75]. Wet en orde moet op geregtigheid gebaseer wees[76]. Ook die kerk moet betrokke wees by die verwerkliking van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing[77]. Dit is myns insiens duidelik dat wie die geregtigheidsnorm op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing maak, tot geen ander konklusie kan kom nie as dat die apart-heidsbeleid sondig is en die teologiese regverdiging daarvan 'n dwaling. Hiermee hang saam dat wanneer daar van onreg sprake is en van verande-ring en versoening, die skuldvraag nie ontsnap kan word nie[78]. Versoening vind nie plaas op grond van skuldbelydenis nie, maar dit vind ook nie daarsonder plaas nie. Dit is van groot betekenis dat die skuldbelydenis-vraag in *Kerk en Samelewing 1990* resoneer.

Dit is 'n vraag of Heyns hom volkome aan alle aspekte van apartheid kon ontworstel het. Op ten minste twee terreine skyn die invloed van die apartheidsmodel nog deur. So handhaaf Heyns die voogdyskaps-gedagte, noem dit selfs "dié etiese daad by uitstek", hoewel hy byvoeg dat dit geleidelik moet plek maak vir vennootskap[79]. Die groot vraag is egter wié die voogde mandateer en op grond waarvan. Lê daar nie 'n ideologiese voorveronderstelling van volksmeerderwaardigheid aan die konsep van voogdyskap ten grondslag nie?

Die tweede terrein waarop die invloed van apartheid nog deurskemer, is Heyns se ekklesiologie. Uitgaande van die natuur-genade grondmotief oordeel Heyns dat die verskeidenheid van kerke saamhang met die verskeidenheid van volke, sodat hy selfs van "volkse kerke" kan praat[80]. Aparte kerke mag egter nie geslote kerke word nie. Later sou hy versigtiger oor verskeidenheid in die kerk skryf[81]. Tog is die hele gedagte om die kerk, wat volk van God is, in gewone volksterme te omskryf, byvoorbeeld as volkskerk (NHKA), volkerekerk (W J Snyman), of volkse kerk (J A Heyns) problematies. Dit kan moeilik teologies gesubstansieer word en oorspan die solidariteit tussen kerk en volk[82].

Ons keer vir 'n oomblik terug na die vroeëre opmerking dat Heyns se politieke etiek op belangrike punte van dié van Stoker afwyk[83]. Sowel Heyns[84] as Stoker aanvaar dat 'n nasie uit meer as een volk kan bestaan, maar waar Heyns inklusief dink, is die denke van Stoker eksklu-sief en word die swart volke van die Suid-Afrikaanse nasie uitgesluit. Vir Heyns[85] is ras, volk en nasie nie skeppingsordeninge nie. Vir Stoker is die volk 'n primêre samelewingskring. Vir Heyns[86] lê die begrippe eenheid en verskeidenheid nie op dieselfde vlak nie. Vir Stoker is verskeidenheid 'n beginsel. Heyns se politieke etiek het 'n bepaalde ontwikkelingsgang deurgemaak wat hom al verder van die denke van Stoker laat wegbeweeg het.

## 3 SLOT

In twee artikels is daarop gewys dat Heyns 'n belangrike bydrae tot die uitbou van etiek in Suid-Afrika gelewer het. Die omvang daarvan maak dit waarskynlik minder toeganklik vir die gemiddelde leser, maar die etieknavorser sal daarin 'n skat van informasie en wegwysing vind. Etiese besluitneming is een van die moeilikste sake in steeds wisselende en verskuiwende situasies. Daarin is die Bybel natuurlik 'n onmisbare gids - en norm -, maar die Bybel bied nie direkte antwoorde op alle moderne vrae nie - dit is immers nie 'n handboek oor kasuïstiek nie. Uiteraard verskaf die etiek ook nie laaste en finale antwoorde nie. Tog wil dit meedink en meehelp in die antwoordkrisis waarin die moderne mens hom tans bevind.

In hierdie meedenke en meehelp wil die etiek van Heyns diensbaar wees.

## NOTAS:

1 Vergelyk J A Heyns, *Lewende Christendom: 'n Teologie van gehoorsaamheid,* Kaapstad 1972a; J A Heyns, "Gehoorsaamheid as subjektiewe gestalte van die koninkryk van God", *Bulletin van die Suid-Afrikaanse vereniging vir bevordering van Christelike wetenskap* 8/32 (1972b), 4-12; J A Heyns, "Die Skrif as daad van gehoorsaamheid", *NGTT* 13/1 (1972c), 1-19; J A Heyns, "'n Teologie van gehoorsaamheid - ontwerp van 'n eietydse teologie", in: J T Bakker (red), *Septuagesimo anno: Theologische opstellen aangeboden aan prof G C Berkouwer,* Kampen 1973c, 74-85; J A Heyns, *Teologiese etiek 1,* Pretoria 1982, 363-373; J A Heyns, *Teologiese etiek 2/1,* Pretoria 1986a, 98-101.

2 *A w*, 1986a, 39.

3 *A w*, 1986a, 43.

4 J A Heyns, *Gods vertrouelinge: oor die gelykenis van die talente*, Potchefstroom 1959, 20.

5 *A w*, 1982, 363.

6 *A w*, 1972a, 46-60.

7 J A Heyns, *Teologiese etiek 2/2*, Pretoria 1989a, 361; vergelyk J A Heyns, *Die nuwe mens onderweg: Oor die Tien Gebooie*, Kaapstad 1970a, 140.

8 *A w*, 1986a, 99.

9 *A w*, 1972a, 79; vergelyk J A Heyns, "Die Skrifbeskouing in strukturele perspektief", *in*: P A Verhoef, D W de Villiers & J L de Villiers (red), *Sol iustitiae*, Kaapstad 1973b, 71; J A Heyns, *Dogmatiek*, Pretoria 1978a, 43.

10 *A w*, 1972a, 99-101; vergelyk *a w*, 1972b, 9; *a w*, 1973b, 69; *a w*, 1978a, 403.

11 *A w*, 1959, 37; *a w*, 1972a, 46.

12 *A w*, 1986a, 48.

13 Vergelyk *a w*, 1970a, 7; *a w*, 1972a, 108, 110.

14 Vergelyk D F Theron, *Die koninkryk van God in die teologie van J A Heyns*, Pretoria 1984, 168,170; D F Theron, "Grondbegrippe in die teologie van J A Heyns", *NGTT* 18/2 (1987), 77.

15 *A w*, 1972a, 109-110; *a w*, 1986a, 100.

16 *A w*, 1986a, 412.

17 *A w*, 1989a, 136, 336.

18 *A w*, 1989a, 149.

19 *A w*, 1986a, 245; *a w*, 1989a, 337.

20 J A Heyns, *Inleiding tot die dogmatiek - aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis*, Pretoria 1992a, 404.

21 *A w*, 1986a, 40.

22 S Fowler, *A Christian voice among students and scholars*, Potchefstroom 1991, 177.

23 J A Heyns, "Die vraag na norme vir moraliteit", *Skrif en Kerk* 10/2 (1989b), 153; *a w*, 1992, 333.

24 *A w*, 1972a, 149.

25 J A Heyns, *Die Kerk*, Pretoria 1977a, 209. J A Heyns, "Opmerkinge oor die verhouding kerk en koninkryk", *HTS* 32/3-4 (1976), 122; *a w*, 1977a, 23,24; *a w*, 1978a, 354; *a w*, 1989a, 287.

26 *HTS* 32/3-4 (1976), 121.

27 *A w*, 1977a, 23,95.

28 *A w*, 1977a, 2395.

29 J A Heyns, "Kerk en samelewing", *in*: E J Smit *et al* (red), *Reformasie en revolusie*, Potchefstroom 1974c, 42.

30 *HTS* 32/3-4 (1976), 124; *a w*, 1978a, 373.

31 *HTS* 32/3-4 (1976), 122; *a w*, 19771, 23-24,25; J A Heyns, "'n Teologiese perspektief", *in*: N J Smith *et al*, *Stormkompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*, Kaapstad 1981c, 19; *a w*, 1989a, 299.

32 *A w*, 1972a, 160-161; *a w*, 1974c, 44; *a w*, 1989a, 320.

33 *A w*, 1977a, 228-232; *a w*, 1978a, 371; *a w*, 1989a, 331,343.

34 *A w*, 1989a, 340. Volgens P J Strauss (*Op die tweespring? Die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die tema "Kerk en samelewing" in "Die Kerkbode" en "Kerk en Samelewing 1990"*, Bloemfontein 1993, 19) het die Ned Geref Kerk met *Kerk en Samelewing* 1990 wegbeweeg van die Kuypermodel (wat die roeping van die individuele Christen om die samelewing te kersten, beklemtoon) in die rigting van die Barthmodel (met klem op die sprekende kerk). Strauss meen dat hierdie verskuiwing "noodlottige gevolge" kan meebring (26). Die vraag is egter of die twee modelle kompeterend dan wel komplementerend gedink moet word. Wat is die ergste: 'n swyende Christen of 'n swyende kerk? En wat is beter as 'n getuiende Christen én 'n getuiende kerk?

35 Theron, *a w*, 1984, 131-140,172.

36 Theron, *a w*, 1984, 178.

37 Heyns, *a w*, 1972a, 161; *a w*, 1974a, 44.

38 Vergelyk J H van Wyk, *Etiek van vrede: 'n Teologies-etiese evaluering van die Christenpasifisme*, Stellenbosch 1984, 197-205.

39 J A Heyns, *Leer my... naasteliefde*, Pretoria 1981b, 56.

40 *A w*, 1981b, 57.

41 *A w*, 1970a, 41; J A Heyns, "Enkele opmerkinge oor die Bybelse beskouing van geregtigheid", in: J A Heyns (et al), *Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing*, Potchefstroom 1977b, 5; J A Heyns, "*Wese van die etiese*" in: P C Potgieter (red), *Etiese probleme in Bybelse perspektief*, Pretoria 1979c, 10; *a w*, 1982, 161,184,212ev, 256-258, 262-273, 436-439.

42 *A w*, 1982, 183-187; *a w*, 1989a, 152.

43 *A w*, 1979c, 10.

44 *A w*, 1977b, 5.

45 *A w*, 1982, 268-270; J A Heyns, "Liefde en situasie-etiek", *Skrif en Kerk* 2/1(1981d), 22-24.

46 J A Heyns, "Burgerlike ongehoorsaamheid", *Skrif en Kerk* 12/1(1991), 45-47.

47 *A w*, 1978a, 183.

48 Vergelyk L du Plessis, *Tien perspektiewe: Gesprekke oor die toekoms*, Kaapstad 1988, 58.

49 Vergelyk T D Verryn (ed), *Church and marriage in modern Africa*, Braamfontein 1975; H L Pretorius, *Swartman, seksualiteit en sending*, Pretoria 1977.

50 Vergelyk *Die evangelie in krisis*, Kaapstad 1966, 123-137; "Kommunisme as lewens- en wêreldbeskouing", in: *Bewaar jou erfenis (Simposium oor kommunisme)* 1968, 35-48; *Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mens-beskouinge,* Bloemfontein 1974a, 59-67.

51 *A w*, 1989a, 191-239.

52 "Disinvestment and human suffering: A response", in: P de Villiers, (ed), *Disinvestment and human suffering*, Roodepoort 1985, 28-33.

53 *Skrif en Kerk* 12/1 (1991), 37-53.

54 J A Heyns, *Teologie van die revolusie*, Kaapstad 1975; *Teologie van die revolusie*, PU vir CHO [Instituut vir die bevordering van calvinisme nr 128] 1978b; *a w*, 1989a, 353ev.

55 Vergelyk "Getuienis", *Die Kerkbode* 5 November 1980, 605.

56 Vergelyk P B van der Watt, "Prof dr Johan Adam Heyns - Anno sexagesimo", in: C J Wethmar & C J A Vos (reds), *'n Woord op sy tyd: 'n Teologiese feesbundel aangebied aan professor Johan Heyns ter herdenking van sy sestigste verjaarsdag*, Pretoria 1988, 6.

57 Vergelyk J Kamphuis, "Het begin - méér dan een begin", in: Wethmar & Vos, *a w*, 1988, 75.

58 *A w*, 1977b, 9; *a w*, 1992a, 144.

59 *A w*, 1989a, 45-48.

60 *A w*, 1970a, 197; *a w*, 1986a, 265.

61 *A w*, 1989a, 49.

62 *A w*, 1989a, 52.

63 *A w*, 1989a, 70.

64 Vergelyk J A Heyns, *Die huidige stand van die Gereformeerde teologie in Nederland en ons verantwoordelikheid*, Pretoria 1971, 21; *a w*, 1972a, 165; *a w*, 1974a, 124-127, 136-137; *Op weg met die teologie* (saam met W D Jonker), Pretoria 1974b, 104; *a w*, 1974c, 39; *a w*, 1975a, 72ev; *a w*, 1978a, 183, 406; *a w*, 1989a, 153, 195-197.

65 *A w*, 1974a, 147-150; *a w*, 1975a, 49,51,86,88,90,102; *a w*, 1978a, 183,185,323,406.

66 *A w*, 1978a, 323.

67 Vergelyk Heyns oor geregtigheid; *a w*, 1974a, 90-91; *NGTT* 16/1(1975b), 37-45; *a w*, 1977b, 1-10; *a w*, 1982, 27ev, 388-395; *a w*, 1986a, 105-109, 335ev; *a w*, 1989a, 130ev, 178,213.

68 *A w*, 1977b, 4.

69 *NGTT* 16/1(1975b), 41; *a w*, 1977b, 6.

70 *A w*, 1982, 284.

71 *NGTT* 16/1(1975b), 38.

72 *A w*, 1977b, 9.

73 *A w*, 1977b, 10.

74 *A w*, 1989a, 213.

75 *A w*, 1989a, 130-132.

76 *A w*, 1989a, 67.

77 *A w*, 1981c, 20.

78 Vergelyk *a w*, 1986a, 110-115.

79 Vergelyk J A Heyns, "Die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 19/3 (1979a), 267; *a w*, 1989a, 40-45.

80 Vergelyk J A Heyns, *Die Kerk as diens aan die koninkryk*, Stellenbosch 1967b, 100; *a w*, 1972a, 166; *NGTT* 16/1 (1975b), 43; *a w*, 1977a, 217; *a w*, 1978a, 379; *a w*, 1981c, 17; *a w*, 1992a, 60.

81 *A w*, 1992a, 330-332.

82 Vergelyk P F Theron, "Natuur en Genade, kerk en volk", in: Wethmar & Vos, *a w*, 1988, 167-168.

83 J H van Wyk, "Liberale konserwaatisme", *Koers* 59/3&4 (1994), 435-454.

84 *A w*, 1989a, 5,143.

85 *A w*, 1989a, 6,9,22.

86 *A w*, 1989a, 9.